# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 603 | Cape Town, Kaapstad, | 9 September 2015 | No. 39183

**THE PRESIDENCY**

No. 821 9 September 2015

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 9 of 2015: Maintenance Amendment Act, 2015**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 821 9 September 2015

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 9 van 2015: Wysigingswet op Onderhoud, 2015**

9 771682 584003 39183

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 7 September 2015)*

# ACT

**To amend the Maintenance Act, 1998, so as to further regulate the lodging of complaints relating to maintenance and the jurisdiction of maintenance courts; to further regulate the investigation of maintenance complaints; to further regulate the securing of witnesses for purposes of a maintenance enquiry; to further regulate maintenance enquiries in order to make provision for the granting of interim maintenance orders; to further regulate the making of maintenance orders; to further regulate the making of maintenance orders by consent; to further regulate the circumstances in which maintenance orders may be granted by default; to further regulate the granting of cost orders; to regulate the effect a maintenance order made by a maintenance court has on a maintenance order made by another court; to further regulate the transfer of maintenance orders; to regulate the reporting of a maintenance defaulter to any business which has as its object the granting of credit or is involved in the credit rating of persons; to further regulate the attachment of emoluments; to increase the penalties for certain offences; to create certain new offences; to further regulate the conversion of criminal proceedings into maintenance enquiries; and to provide for matters connected therewith.**

Parliament of the Republic of South Africa enacts as follows:—

**Substitution of section 6 of Act 99 of 1998**

**1.** The following section is hereby substituted for section 6 of the Maintenance Act, 1998 (hereafter referred to as the principal Act):

"**Complaints relating to maintenance**

**6.** (1) Whenever a complaint to the effect—

*(a)* that any person legally liable to maintain any other person fails to maintain the latter person; **[or]**

*(b)* that good cause exists for the substitution or discharge of a maintenance order; or

*(c)* that good cause exists for the substitution or discharge of a verbal or written agreement in respect of maintenance obligations in which respect there is no existing maintenance order,

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met ’n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 7 September 2015)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Onderhoud, 1998, ten einde die indiening van klagtes aangaande onderhoud en die jurisdiksie van onderhoudshowe verder te reël; die ondersoek van onderhoudsklagtes verder te reël; die dagvaarding van getuies vir die doeleindes van ’n onderhoudsondersoek verder te reël; onderhoudsondersoeke verder te reël ten einde voorsiening te maak vir die toestaan van tussentydse onderhoudsbevele; die gee van onderhoudsbevele verder te reël; die gee van onderhoudsbevele by toestemming verder te reël; die omstandighede waarin onderhoudsbevele by verstek toegestaan kan word, verder te reël; die toestaan van kostebevele verder te reël; die uitwerking van ’n onderhoudsbevel deur ’n onderhoudshof gegee op ’n onderhoudsbevel deur ’n ander hof gegee, te reël; die oordrag van onderhoudsbevele verder te reël; die aanmelding van ’n onderhoudswanbetaler aan ’n onderneming wat die verlening van krediet as sy doelstelling het of by die bepaling van kredietwaardigheid van persone betrokke is, verder te reël; die beslaglegging op besoldiging verder te reël; die strawwe vir sekere oortredings te verhoog; sekere nuwe misdrywe te skep; die omskepping van strafregtelike verrigtinge na onderhoudsondersoeke verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden soos volg:—

**Vervanging van artikel 6 van Wet 99 van 1998**

**1.** Artikel 6 van die Wet op Onderhoud, 1998 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Klagtes met betrekking tot onderhoud**

**6.** (1) Wanneer ’n klagte ten effekte—
*(a)* dat ’n persoon wat regtens verplig is om ’n ander persoon te onderhou, in gebreke bly om laasgenoemde persoon te onderhou; **[of]**
*(b)* dat voldoende rede bestaan vir die vervanging of opheffing van ’n onderhoudsbevel; of
*(c)* dat voldoende rede bestaan vir die vervanging of opheffing van ’n mondelinge of geskrewe ooreenkoms ten opsigte van onderhoudsverpligtinge ten opsigte waarvan daar geen bestaande onderhoudsbevel is nie,

has been made and is lodged with a maintenance officer in the prescribed manner, the maintenance officer shall investigate that complaint in the prescribed manner and as provided in this Act.

(2) After investigating the complaint, the maintenance officer may institute an enquiry in the maintenance court within the area of jurisdiction in which the person to be maintained, or the person in whose care the person to be maintained is, resides, carries on business or is employed with a view to enquiring into the provision of maintenance for the person so to be maintained.''.

**Amendment of section 7 of Act 99 of 1998**

**2.** Section 7 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(3) *(a)* If a complaint is lodged with a maintenance officer in terms of section 6 and the maintenance officer, after all reasonable efforts to locate the whereabouts of the person who may be affected by an order which may be made by a maintenance court pursuant to the complaint so lodged, have failed, the maintenance officer may apply to the maintenance court, in the prescribed manner, to issue a direction as contemplated in this subsection.

*(b)* If a maintenance court is satisfied that all reasonable efforts to locate the whereabouts of a person have failed, as contemplated in paragraph *(a)*, the court may issue a direction in the prescribed form, directing one or more electronic communications service providers to furnish the court, in the prescribed manner, with the contact information of the person in question if that person is in fact a customer of the service provider.

*(c)* If the maintenance court issues a direction in terms of paragraph *(b)* the maintenance court shall direct that the direction be served on the electronic communications service provider in the prescribed manner.

*(d)* The information referred to in paragraph *(b)* shall be provided to the maintenance court within the time period set out by the court in the direction.

*(e)* An electronic communications service provider on which a direction is served may, in the prescribed manner, apply to the maintenance court for—

(i) an extension of the period referred to in paragraph *(d)* on the grounds that the information cannot be provided timeously; or

(ii) the cancellation of the direction on the grounds that—

*(aa)* it does not provide an electronic communications service in respect of the person referred to in the direction; or

*(bb)* the requested information is not available in the records of the electronic communications service provider.

*(f)* After receipt of an application referred to in paragraph *(e)*, the maintenance court shall consider the application, give a decision in respect thereof and inform the electronic communications service provider, in the prescribed manner, of the outcome of the application.

*(g)* The list of electronic communications service providers referred to in section 4(7) of the Protection from Harassment Act, 2011 (Act No. 17 of 2011), may be used by maintenance courts for purposes of this subsection.

*(h)* The tariffs payable to electronic communications service providers for providing information as determined by the Minister in terms of section 4(8) of the Protection from Harassment Act, 2011, apply in the case of information required in terms of this subsection.

*(i)* If the maintenance officer is of the opinion that the person lodging the complaint referred to in paragraph *(a)* is unable to pay the costs involved in the furnishing of information referred to in paragraph *(b)*, the maintenance officer may at any time after the maintenance court issues a direction under the said paragraph *(b)*, request the maintenance court to hold an enquiry into—

(i) the means of the complainant; and

(ii) any other circumstances which, in the opinion of the maintenance court, should be taken into consideration.

*(j)* At the conclusion of the enquiry referred to in paragraph *(i)* the maintenance court may make such order as the court may deem fit relating to the payment of the costs involved in the furnishing of information referred to in paragraph *(b)*,

gemaak is en by 'n onderhoudsbeampte op die voorgeskrewe wyse ingedien is, moet die onderhoudsbeampte daardie klagte op die voorgeskrewe wyse en soos in hierdie Wet bepaal, ondersoek.

(2) Nadat die klagte ondersoek is, kan die onderhoudsbeampte 'n ondersoek in die onderhoudshof instel binne die regsgebied waarvan die persoon wat onderhou moet word, of die persoon onder wie se sorg die persoon wat onderhou moet word, is, woonagtig is, sake doen of in diens is met die oog daarop om ondersoek in te stel na die verskaffing van onderhoud vir die persoon wat aldus onderhou moet word.".

**Wysiging van artikel 7 van Wet 99 van 1998**

**2.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) *(a)* As 'n klagte ingevolge artikel 6 by die onderhoudsbeampte ingedien word en die onderhoudsbeampte, nadat alle redelike pogings misluk het om die persoon op te spoor wat deur 'n bevel geraak kan word wat in navolging van 'n klagte wat aldus gemaak is deur 'n onderhoudshof gegee kan word, kan die onderhoudsbeampte op die voorgeskrewe wyse by die onderhoudshof aansoek doen om 'n lasgewing soos in hierdie subartikel beoog, uit te reik.

*(b)* As 'n onderhoudshof oortuig is dat alle redelike pogings om die persoon, soos in paragraaf *(a)* beoog, op te spoor misluk het, kan die hof 'n lasgewing op die voorgeskrewe vorm uitreik, waarin een of meer elektroniese diensverskaffer gelas word om die voorgeskrewe kontakbesonderhede van die betrokke persoon, indien daardie persoon inderdaad 'n klant van die diensverskaffer is, op die voorgeskrewe wyse aan die hof te voorsien.

*(c)* Indien die onderhoudshof 'n lasgewing ingevolge paragraaf *(b)* uitreik, moet die onderhoudshof gelas dat die lasgewing op die voorgeskrewe wyse aan die diensverskaffer beteken word.

*(d)* Die inligting in paragraaf *(b)* bedoel moet binne die tydperk wat die hof in die lasgewing vermeld aan die hof verstrek word.

*(e)* 'n Elektroniese kommunikasiediensverskaffer aan wie 'n lasgewing beteken is kan, op die voorgeskrewe wyse by wyse van 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm, by die onderhoudshof aansoek doen om—

(i) 'n verlenging van die tydperk in paragraaf *(d)* bedoel op grond daarvan dat die inligting nie betyds verstrek kan word nie; of

(ii) die intrekking van die lasgewing op grond daarvan dat—

*(aa)* dit nie 'n elektroniese kommunikasiediens verskaf aan die persoon in die lasgewing vermeld nie; of

*(bb)* die inligting wat aangevra is nie in die elektroniese kommunikasiediensverskaffer se rekords beskikbaar is nie.

*(f)* Na ontvangs van 'n aansoek in paragraaf *(e)* bedoel, oorweeg die onderhoudshof die aansoek, maak 'n beslissing ten opsigte daarvan en verwittig die elektroniese kommunikasiediensverskaffer op die voorgeskrewe wyse van die resultaat van die aansoek.

*(g)* Die lys elektroniese kommunikasiediensverskaffers in artikel 4(7) van die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet No. 17 van 2011), bedoel, kan vir die doeleindes van hierdie subartikel deur onderhoudshowe gebruik word.

*(h)* Die tariewe betaalbaar aan elektroniese kommunikasiediensverskaffers vir die verstrekking van inligting soos deur die Minister ingevolge artikel 4(8) van die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011, bepaal, is van toepassing in die geval van inligting wat ingevolge hierdie subartikel benodig word.

*(i)* Indien die onderhoudsbeampte van mening is dat die persoon wat die klagte in paragraaf *(a)* bedoel indien, nie die kostes wat met die verstrekking van inligting in paragraaf *(b)* bedoel gepaard gaan, kan betaal nie, kan die onderhoudsbeampte te eniger tyd na die onderhoudshof 'n lasgewing kragtens die genoemde paragraaf *(b)* uitgereik het, versoek dat die onderhoudshof ondersoek instel na—

(i) die klaer se vermoëns; en

(ii) enige ander omstandighede wat, na mening van die onderhoudshof, in ag geneem moet word.

*(j)* By die afhandeling van die ondersoek in paragraaf *(i)* bedoel, kan die onderhoudshof die bevel gee wat die hof gepas ag rakende die betaling van die kostes betrokke by die verstrekking van inligting in paragraaf *(b)* bedoel, met

including an order directing the State, subject to section 20, to pay such costs within available resources, in the prescribed manner.

*(k)* The maintenance court may, if it has ordered the State to pay the costs referred to in paragraph *(j)*, upon the application of the maintenance officer, order the person affected by the order to refund the costs so paid by the State in terms of paragraph *(j)*, in the prescribed manner.

*(l)* For purposes of this subsection, ''electronic communications service provider'' means an entity or a person who is licensed or exempted from being licensed in terms of Chapter 3 of the Electronic Communications Act, 2005 (Act No. 36 of 2005), to provide an electronic communications service.''.

**Amendment of section 9 of Act 99 of 1998**

**3.** Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) *(a)* A maintenance officer who has instituted an enquiry in a maintenance court may cause any person, including any person legally liable to maintain any other person or any person in whose favour a maintenance order has already been made, to be subpoenaed—

(i) to appear before the maintenance court and give evidence; or

(ii) to produce any book, document or statement.

*(b)* A book, document or statement referred to in paragraph *(a)*(ii) includes—

(i) any book, document or statement relating to the financial position of any person who is affected by the legal liability of a person to maintain any other person or in whose favour a maintenance order has been made; and

(ii) in the case where such person is in the service of an employer, a statement which gives full particulars of his or her earnings and which is signed by the employer.''.

**Amendment of section 10 of Act 99 of 1998, as amended by section 16 of Act 55 of 2003**

**4.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(6) *(a)* A maintenance court shall conclude maintenance enquiries as speedily as possible and shall ensure that postponements are limited in number and in duration.

*(b)* A maintenance court may, where a maintenance order has not been made and a postponement of the enquiry is necessary and if the court is satisfied that—

(i) there are sufficient grounds prior to such postponement indicating that one of the parties is legally liable to maintain a person or persons; and

(ii) undue hardship may be suffered by the person or persons to be maintained as a result of the postponement,

subject to paragraph *(c)*, make an interim maintenance order which the maintenance court may make under section 16(1)*(a)*.

*(c)* When the maintenance court subsequently makes any order under section 16, the maintenance court may—

(i) make an order confirming the interim maintenance order referred to in paragraph *(b)*; or

(ii) set aside such interim maintenance order or substitute it with any other order which the maintenance court may consider just in the circumstances.''.

**Amendment of section 16 of Act 99 of 1998, as amended by section 17 of Act 55 of 2003**

**5.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

''(2) *(a)* Any court—

(i) that has at any time, whether before or after the commencement of this Act made a maintenance order under subsection (1)*(a)*(i) or *(b)*(i);

(ii) that makes such a maintenance order; or

inbegrip van 'n bevel wat die Staat, behoudens artikel 20, gelas om die kostes binne beskikbare bronne op die voorgeskrewe wyse te betaal.

*(k)* Die onderhoudshof kan, indien hy die Staat beveel het om die kostes in paragraaf *(j)* bedoel te betaal, by aansoek deur die onderhoudsbeampte, die persoon wat deur die bevel geraak is gelas om die kostes aldus deur die Staat ingevolge paragraaf *(i)* betaal, op die voorgeskrewe wyse terug te betaal.

*(l)* By die toepassing van hierdie subartikel beteken 'elektroniese kommunikasiediensverskaffer' 'n entiteit of persoon wat gelisensieer is of van lisensiëring vrygestel is ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005), om 'n elektroniese kommunikasiediens te verskaf.".

**Wysiging van artikel 9 van Wet 99 van 1998**

**3.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) *(a)* 'n Onderhoudsbeampte wat 'n ondersoek in 'n onderhoudshof ingestel het, kan enige persoon, met inbegrip van 'n persoon wat regtens verplig is om 'n ander persoon of 'n persoon in wie se guns 'n onderhoudsbevel reeds gegee is te onderhou, laat dagvaar—

(i) om voor die onderhoudshof te verskyn en getuienis af te lê; of
(ii) om 'n boek, dokument of staat oor te lê.

*(b)* 'n Boek, dokument of staat bedoel in paragraaf *(a)*(ii) omvat—

(i) 'n boek, dokument of staat met betrekking tot die finansiële posisie van 'n persoon wat geraak word deur die regsaanspreeklikheid van 'n persoon om 'n ander persoon of 'n persoon in wie se guns 'n onderhoudsbevel gegee is te onderhou; en
(ii) in die geval waar so 'n persoon in die diens van 'n werkgewer is, 'n staat wat volle besonderhede van sy of haar verdienste aangee en wat deur die werkgewer onderteken is.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 99 van 1998, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 55 van 2003**

**4.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) *(a)* 'n Onderhoudshof moet onderhoudsondersoeke so gou as moontlik afhandel en verseker dat enige uitstel so min en so kort moontlik is.

*(b)* 'n Onderhoudshof kan, waar 'n onderhoudsbevel nie gegee is nie en 'n uitstel van die ondersoek nodig is en as die hof oortuig is dat—

(i) daar voor so 'n uitstel voldoende gronde is wat aandui dat een van die partye regtens aanspreeklik is om 'n persoon of persone te onderhou; en
(ii) die persoon of persone wat onderhou gaan word onnodige ontbering sal deurmaak as gevolg van die uitstel,

behoudens paragraaf *(c)*, 'n tussentydse onderhoudsbevel gee wat die onderhoudshof kragtens artikel 16(1)*(a)* kan gee.

*(c)* Wanneer die onderhoudshof daarop enige bevel kragtens artikel 16 gee, kan die onderhoudshof—

(i) 'n bevel gee wat die tussentydse onderhoudsbevel in paragraaf *(b)* bedoel, bevestig; of
(ii) so 'n tussentydse onderhoudsbevel ter syde stel om dit met 'n ander bevel te vervang wat die onderhoudshof onder die omstandighede as billik beskou.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 99 van 1998, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 55 van 2003**

**5.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(2) *(a)* 'n Hof—

(i) wat te eniger tyd, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n onderhoudsbevel kragtens subartikel (1)*(a)*(i) of *(b)*(i) gegee het;
(ii) wat sodanige onderhoudsbevel gee; of

(iii) that convicts any person of an offence referred to in section 31(1),

shall, subject to paragraph *(b)*(i), make an order directing any person, including any administrator of a pension fund, who is obliged under any contract to pay any sums of money on a periodical basis to the person against whom the maintenance order in question has been or is made, to make on behalf of the latter person such periodical payments from moneys at present or in future owing or accruing to the latter person as may be required to be made in accordance with that maintenance order if that court is satisfied—

*(aa)* where applicable, in the case of subparagraph (i), after hearing such evidence, either in writing or orally, as that court may consider necessary;

*(bb)* where applicable, in the case of subparagraph (ii), after referring to the evidence adduced at the enquiry or the application for an order by default, as the case may be; or

*(cc)* where applicable, in the case of subparagraph (iii), after referring to the evidence adduced at the trial; and

*(dd)* where applicable, after hearing such evidence, either in writing or orally, of any person who is obliged under any contract to pay any sums of money on a periodical basis to the person against whom the maintenance order in question has been or is made,

that it is not impracticable in the circumstances of the case: Provided that nothing precludes the court from making an order in terms of this subsection if it is of the opinion that any further postponement of the enquiry in order to obtain the evidence of the person referred to in subparagraph (dd) will give rise to an unreasonable delay in the finalisation of the enquiry, to the detriment of the person or persons to be maintained.".

**Substitution of section 17 of Act 99 of 1998**

**6.** The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act:

"**Orders by consent**

**17.** (1) Any order referred to in section 16(1)*(a)* or *(b)* may be made **[against any person not present]** at the enquiry in the absence of one or both of the parties involved in the enquiry, if it is made in accordance with his or her or their consent in writing handed in by the maintenance officer at the enquiry.

(2) A copy of an order made **[against any person not present]** at the enquiry in the absence of one or both of the parties as provided for in subsection (1), shall be delivered or tendered to him or her or them, as the case may be, by any maintenance officer, police officer, sheriff or maintenance investigator, and the return of any such officer, sheriff or investigator showing that such copy was delivered or tendered to the particular person or persons shall be deemed to be sufficient proof of the fact that he or she was or they were aware of the terms of the order in question.".

**Amendment of section 18 of Act 99 of 1998**

**7.** Section 18 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a maintenance court is satisfied on the grounds of sufficient proof or otherwise—

*(a)* that any person against whom an order may be or has been made under section 16(1)*(a)* or *(b)* or that any person in whose favour such an order has been made—

(i) has knowledge of a subpoena issued under section 9; or

(ii) has appeared before the court and was warned by the court to appear at a later date, time and place before the court; and

(iii) wat 'n persoon aan 'n misdryf bedoel in artikel 31(1) skuldig bevind,

moet, behoudens paragraaf *(b)*(i), 'n bevel gee wat enige persoon, met inbegrip van 'n administrateur van 'n pensioenfonds, wat ingevolge die een of ander kontrak verplig is om enige bedrae geld op 'n periodieke grondslag te betaal aan die persoon teen wie die betrokke onderhoudsbevel gegee is of gegee word, gelas om namens laasgenoemde persoon die periodieke betalings uit gelde wat tans of in die toekoms aan laasgenoemde persoon verskuldig is of hom of haar toekom, te doen wat ooreenkomstig daardie onderhoudsbevel gedoen moet word indien daardie hof oortuig is—

*(aa)* waar van toepassing in die geval van subparagraaf (i), na aanhoring van die getuienis, hetsy skriftelik of mondeling, wat daardie hof nodig ag;

*(bb)* waar van toepassing in die geval van subparagraaf (ii), na raadpleging van die getuienis aangebied by die ondersoek of die aansoek om 'n bevel by verstek, na gelang van die geval; of

*(cc)* waar van toepassing in die geval van subparagraaf (iii), na raadpleging van die getuienis aangebied by die verhoor; en

*(dd)* waarvan van toepassing, nadat sodanige getuienis aangehoor is, hetsy geskrewe of mondelings, van 'n persoon wat onder enige kontrak verplig is om enige bedrag geld op 'n periodieke grondslag te betaal aan die persoon teen wie die betrokke onderhoudsbevel gegee word,

dat dit nie ondoenlik in die omstandighede van die geval is nie: Met dien verstande dat niks die hof daarvan weerhou om 'n bevel ingevolge hierdie subartikel te gee nie indien hy van mening is dat enige verdere uitstel van die ondersoek ten einde die getuienis van die persoon in subparagraaf *(dd)* bedoel 'n onredelike vertraging in die afhandeling van die ondersoek tot gevolg sal hê, tot nadeel van die persoon of persone wat onderhou moet word.''.

**Vervanging van artikel 17 van Wet 99 van 1998**

**6.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Bevele by toestemming**

**17.** (1) 'n Bevel bedoel in artikel 16(1)*(a)* of *(b)* kan **[teen 'n persoon]** gegee word **[wat nie]** by die ondersoek **[teenwoordig is nie]** in die afwesigheid van een of beide van die partye wat by die ondersoek betrokke is, indien dit gegee word ooreenkomstig sy of haar of hul skriftelike toestemming wat deur die onderhoudsbeampte by die ondersoek ingelewer word.

(2) 'n Afskrif van 'n bevel wat **[teen 'n persoon]** gegee is **[wat nie]** by die ondersoek **[teenwoordig was nie]** in die afwesigheid van een of beide partye soos in subartikel (1) bepaal, moet aan hom of haar of hulle, na gelang van die geval, oorhandig of aangebied word deur 'n onderhoudsbeampte, polisiebeampte, balju of onderhoudsondersoeker, en die relaas van so 'n beampte, balju of ondersoeker wat aantoon dat sodanige afskrif aan die bepaalde persoon of persone oorhandig of aangebied is, word geag voldoende bewys van die feit te wees dat hy of sy of hulle van die bepalings van die betrokke bevel bewus was.''.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 99 van 1998**

**7.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Indien 'n onderhoudshof op grond van voldoende bewys of andersins oortuig is—

*(a)* dat 'n persoon teen wie 'n bevel kragtens artikel 16(1)*(a)* of *(b)* gegee kan word of gegee is, of dat 'n persoon in wie se guns so 'n bevel gegee is—

(i) kennis dra van 'n getuiedagvaarding wat kragtens artikel 9 uitgereik is; of

(ii) voor die hof verskyn het en deur die hof gewaarsku is om op 'n later datum, tyd en plek voor die hof te verskyn; en

*(b)* that he or she has failed to appear before the maintenance court on the date and at the time and place—
(i) specified in such subpoena; or
(ii) in accordance with a warning referred to in paragraph *(a)*(ii),
the maintenance court may, on application of the maintenance officer for an order by default, call upon the person who has lodged the complaint to adduce such evidence, either in writing or orally, in support of his or her complaint as the maintenance court may consider necessary.'';

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
''(3) A copy of an order made **[against]** in respect of any person not present at the enquiry shall be delivered or tendered, as soon as may be practicable in the circumstances, to him or her by any maintenance officer, police officer, sheriff or maintenance investigator, and the return of any such officer, sheriff or investigator showing that such copy was delivered or tendered to the particular person shall be deemed to be sufficient proof of the fact that he or she was aware of the terms of the order in question.''; and

*(c)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (4) of the following paragraph:
''*(a)* The person **[against]** in respect of whom a maintenance court has made an order by default may apply to the maintenance court for the variation or setting aside of the order.''.

**Substitution of section 20 of Act 99 of 1998**

**8.** The following section is hereby substituted for section 20 of the principal Act:

''**Orders as to costs of service and directions**

**20.** The maintenance court holding an enquiry may, having regard to the conduct of the persons involved in the enquiry so far as it may be relevant, make such order as the maintenance court may consider just relating to the costs of—
*(a)* the service of process; and
*(b)* obtaining the information contemplated in section 7(3).''.

**Substitution of section 22 of Act 99 of 1998**

**9.** The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

''**Notice of substitution or discharge of maintenance orders**

**22.** Whenever a maintenance court—
*(a)* makes an order under section 16(1)*(b)* in substitution of a maintenance order; or
*(b)* discharges a maintenance order under section 16(1)*(b)*,
the maintenance order shall cease to be of force and effect only insofar as the court expressly, or by necessary implication, replaced that order or part thereof, and the maintenance officer shall forthwith give notice of the decision to the registrar or clerk of the court in the Republic where the maintenance order was issued or where the sentence concerned was imposed, as the case may be, who shall deal with the relevant records or registers in the prescribed manner.''.

**Amendment of section 23 of Act 99 of 1998**

**10.** Section 23 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
''(1) Subject to the directions prescribed in connection with the transfer of maintenance orders, the maintenance officer **[may]** shall, in writing, direct the clerk of the court where a maintenance order was made to transmit the maintenance order, together with the prescribed records, to the clerk of the maintenance court

*(b)* dat hy of sy versuim het om voor die onderhoudshof te verskyn op die datum en op die tyd en plek—
(i) in sodanige getuiedagvaarding vermeld; of
(ii) ooreenkomstig 'n waarskuwing in paragraaf *(a)*(ii) bedoel,

kan die onderhoudshof, op aansoek van die onderhoudsbeampte om 'n bevel by verstek, van die persoon wat die klagte ingedien het, vereis om die getuienis, hetsy skriftelik of mondelings, ter ondersteuning van sy of haar klagte aan te voer wat die onderhoudshof nodig ag.";

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) 'n Afskrif van 'n bevel wat **[teen]** ten opsigte van 'n persoon gegee is wat nie by die ondersoek teenwoordig was nie, moet so gou doenlik in die omstandighede aan hom of haar oorhandig of aangebied word deur 'n onderhoudsbeampte, polisiebeampte, balju of onderhoudsondersoeker, en die relaas van so 'n beampte, balju of ondersoeker wat aantoon dat sodanige afskrif aan die bepaalde persoon oorhandig of aangebied is, word geag voldoende bewys van die feit te wees dat hy of sy van die bepalings van die betrokke bevel bewus was."; en

*(c)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die persoon **[teen]** ten opsigte van wie 'n onderhoudshof 'n bevel by verstek gegee het, kan by die onderhoudshof aansoek doen om die wysiging of tersydestelling van die bevel.".

**Vervanging van artikel 20 van Wet 99 van 1998**

**8.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Bevele aangaande koste van betekening en lasgewings**

**20.** Die onderhoudshof wat 'n ondersoek hou, kan, met inagneming van die gedrag van die persone betrokke by die ondersoek vir sover dit ter sake is, die bevel gee wat die onderhoudshof regverdig ag met betrekking tot die koste van—

*(a)* die betekening van prosesstukke; en
*(b)* die verkryging van die inligting in artikel 7(3) beoog.".

**Vervanging van artikel 22 van Wet 99 van 1998**

**9.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Kennisgewing van vervanging of opheffing van onderhoudsbevele**

**22.** Wanneer 'n onderhoudshof—

*(a)* 'n bevel kragtens artikel 16(1)*(b)* gee ter vervanging van 'n onderhoudsbevel; of
*(b)* kragtens genoemde artikel 16(1)*(b)* 'n onderhoudsbevel ophef,

hou die onderhoudsbevel op om van krag te wees slegs tot die mate wat die hof uitdruklik, of by noodwendige implikasie, daardie bevel of 'n gedeelte daarvan vervang het, en moet die onderhoudsbeampte onverwyld kennis van die beslissing gee aan die griffier of klerk van die hof in die Republiek waar die onderhoudsbevel uitgevaardig is of waar die betrokke vonnis opgelê is, na gelang van die geval, wat met die betrokke stukke of registers op die voorgeskrewe wyse moet handel.".

**Wysiging van artikel 23 van Wet 99 van 1998**

**10.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die voorskrifte wat in verband met die oorplasing van onderhoudsbevele voorgeskryf word, **[kan]** moet die onderhoudsbeampte die klerk van die hof waar 'n onderhoudsbevel gegee is skriftelik gelas om die onderhoudsbevel, tesame met die voorgeskrewe stukke, te stuur aan die klerk van

within the area of jurisdiction of which the person in whose favour the maintenance order was made, or the person in whose care that person is, resides, carries on business or is employed.''.

**Amendment of section 26 of Act 99 of 1998, as amended by section 18 of Act 42 of 2001 and section 18 of Act 55 of 2003**

**11.** Section 26 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A) On the granting of an application contemplated in subsection (2) by a maintenance court, the maintenance officer or clerk of the court at the request of the maintenance officer, shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, in the prescribed manner, furnish the particulars of the person against whom a maintenance order has been made and a certified copy of the order of the court contemplated in subsection (2)*(a)*(i), (ii) or (iii), to any business which has as its object the granting of credit or is involved in the credit rating of persons.''.

**Amendment of section 28 of Act 99 of 1998**

**12.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) A maintenance court may—

*(a)* on the application of a person referred to in section 26(2)*(a)*; **[or]**
*(b)* when such court suspends the warrant of execution under section 27 (4)*(b)***[,]**;
*(c)* when such court suspends the order for the attachment of debt under section 30(1); and
*(d)* where applicable, after hearing the evidence, either in writing or orally, of the employer of the person in question,

make an order for the attachment of any emoluments at present or in future owing or accruing to the person against whom the maintenance or other order in question was made to the amount necessary to cover the amount which the latter person has failed to pay, together with any interest thereon, as well as the costs of the attachment or execution, which order shall authorise any employer of the latter person to make on behalf of the latter person such payments as may be specified in the order from the emoluments of the latter person until such amount, interest and costs have been paid in full: Provided that nothing precludes the court from making an order in terms of this subsection if it is of the opinion that any further postponement of the enquiry in order to obtain the evidence of the person referred to in paragraph *(d)* will give rise to an unreasonable delay in the finalisation of the enquiry, to the detriment of the person or persons to be maintained.''.

**Amendment of section 31 of Act 99 of 1998**

**13.** Section 31 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Subject to the provisions of subsection (2), any person who fails to make any particular payment in accordance with a maintenance order shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding **[one year]** three years or to such imprisonment without the option of a fine.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) If a person has been convicted of an offence under this section, the maintenance officer **[may]** shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, in the prescribed manner, furnish that person's personal particulars to any business which has its object the granting of credit or is involved in the credit rating of persons.''.

die onderhoudshof binne die regsgebied waarvan die persoon ten gunste van wie die onderhoudsbevel gegee is, of die persoon onder wie se sorg daardie persoon is, woonagtig is, sake doen of in diens is.''.

**Wysiging van artikel 26 van Wet 99 van 1998, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 42 van 2001 en artikel 18 van Wet 55 van 2003**

**11.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

''(2A) By die toestaan van 'n aansoek in subartikel (2) beoog deur 'n onderhoudshof, moet die onderhoudsbeampte of klerk van die hof op versoek van die onderhoudsbeampte, ondanks andersluidende wetsbepalings, op die voorgeskrewe wyse die besonderhede van die persoon teen wie 'n onderhoudsbevel gegee is en 'n gewaarmerkte afskrif van die bevel van die hof beoog in subartikel (2)*(a)*(i), (ii) of (iii) wat as 'n ware afskrif gewaarmerk is, verstrek aan 'n onderneming wat die verlening van krediet as sy doelstelling het of by die bepaling van kredietwaardigheid van persone betrokke is.''.

**Wysiging van artikel 28 van Wet 99 van 1998**

**12.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Onderhoudshof kan—

*(a)* op aansoek van 'n persoon in artikel 26(2)*(a)* bedoel; **[of]**

*(b)* wanneer so 'n hof die lasbrief vir eksekusie kragtens artikel 27(4)*(b)* opskort**[,]**;

*(c)* wanneer so 'n hof die bevel vir skuldbeslag kragtens artikel 30(1) opskort; en

*(d)* waar van toepassing, na aanhoor van die getuienis, hetsy skriftelik of mondelings, van die werkgewer van die betrokke persoon,

'n bevel gee vir die beslaglegging op enige besoldiging wat tans of in die toekoms verskuldig is aan die persoon teen wie die betrokke onderhouds- of ander bevel gegee is of hom of haar toekom tot die bedrag wat nodig is om die bedrag te dek wat laasgenoemde persoon versuim het om te betaal, tesame met enige rente daarop, asook die koste van die beslaglegging of eksekusie, welke bevel enige werkgewer van laasgenoemde persoon magtig om namens laasgenoemde persoon die betalings wat in die bevel vermeld word uit die besoldiging van laasgenoemde persoon te doen totdat sodanige bedrag, rente en koste ten volle betaal is: Met dien verstande dat niks die hof daarvan weerhou om 'n bevel ingevolge hierdie subartikel te maak as hy van mening is dat enige verdere uitstel van die ondersoek ten einde die getuienis van die persoon in paragraaf *(d)* bedoel te kry 'n onredelike vertraging in die afhandeling van die ondersoek tot gevolg sal hê, tot nadeel van die persoon of persone wat onderhou moet word.''.

**Wysiging van artikel 31 van Wet 99 van 1998**

**13.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) is 'n persoon wat versuim om 'n bepaalde betaling ooreenkomstig 'n onderhoudsbevel te doen aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[een]** drie jaar of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.''; en

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4) Indien 'n persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie artikel skuldig bevind is, **[kan]** moet die onderhoudsbeampte, ondanks andersluidende wetsbepalings, op die voorgeskrewe wyse, die persoonlike besonderhede van daardie persoon verstrek aan 'n onderneming wat die verlening van krediet as sy doelstelling het of by die bepaling van kredietwaardigheid van persone betrokke is.''.

**Substitution of section 35 of Act 99 of 1998**

**14.** The following section is hereby substituted for section 35 of the principal Act:

"**Offences relating to maintenance enquiries**

**35.** Any person who wilfully interrupts the proceedings at a maintenance enquiry or who wilfully hinders or obstructs the maintenance court in the performance of the maintenance court's functions at the enquiry shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding **[six months]** one year or to both **[such]** a fine and such imprisonment.".

**Substitution of section 38 of Act 99 of 1998**

**15.** The following section is hereby substituted for section 38 of the principal Act:

"**Offences relating to certain notices**

**38.** Any person who—
*(a)* without sufficient cause, refuses or fails to make any payment in accordance with a notice under section 16(3)*(a)*, 29(1) or 30(1); or
*(b)* refuses or fails to give notice to a maintenance officer as required by section 16(3)*(b)* or 29 (2),

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding **[six months]** two years.".

**Substitution of section 39 of Act 99 of 1998**

**16.** The following section is hereby substituted for section 39 of the principal Act:

"**Offences relating to notice of change of address**

**39.** Any person who refuses or fails to give notice of any change of his or her place of residence or employment as required by section 16(4) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding **[six months]** one year.".

**Insertion of section 39A in Act 99 of 1998**

**17.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 39:

"**Offences relating to maintenance investigators**

**39A.** (1) Any person who wilfully hinders or obstructs a maintenance investigator in the exercise of his or her powers or the performance of his or her duties shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding one year.

(2) Any person, other than a clerk of the court who is requested to assist a maintenance investigator in the performance of his or her functions, who has not been appointed as a maintenance investigator in terms of this Act and who—
*(a)* performs any function entrusted to a maintenance investigator under any law; or
*(b)* pretends to be or makes use of any name, title or addition or description creating the impression that he or she is a maintenance investigator or is recognised by law as such,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.".

**Vervanging van artikel 35 van Wet 99 van 1998**

**14.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Misdrywe met betrekking tot onderhoudsondersoeke**

**35.** 'n Persoon wat die verrigtinge by 'n onderhoudsondersoek opsetlik verstoor of die onderhoudshof by die verrigting van die onderhoudshof se werksaamhede by die ondersoek opsetlik hinder of dwarsboom, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses maande]** een jaar of met sowel **[daardie]** 'n boete as daardie gevangenisstraf.".

**Vervanging van artikel 38 van Wet 99 van 1998**

**15.** Artikel 38 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Misdrywe met betrekking tot sekere kennisgewings**

**38.** 'n Persoon wat—

*(a)* sonder voldoende rede, weier of versuim om 'n betaling ooreenkomstig 'n kennisgewing kragtens artikel 16(3)*(a)*, 29(1) of 30(1) te maak; of

*(b)* weier of versuim om kennis aan 'n onderhoudsbeampte te gee soos vereis deur artikel 16(3)*(b)* of 29(2),

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses maande]** twee jaar.".

**Vervanging van artikel 39 van Wet 99 van 1998**

**16.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Misdrywe met betrekking tot kennisgewing van adresverandering**

**39.** 'n Persoon wat weier of versuim om kennis te gee van enige verandering van sy of haar woon of werkplek soos vereis deur artikel 16(4) is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[ses maande]** een jaar.".

**Invoeging van artikel 39A in Wet 99 van 1998**

**17.** Die volgende artikel word hierby na artikel 39 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Misdrywe met betrekking tot onderhoudsondersoekers**

**39A.** (1) 'n Persoon wat 'n onderhoudsondersoeker opsetlik hinder of dwarsboom by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(2) 'n Persoon, behalwe 'n klerk van die hof wat versoek word om 'n onderhoudsondersoeker in die verrigting van sy of haar werksaamhede by te staan, wat nie ingevolge hierdie Wet as 'n onderhoudsondersoeker aangestel is nie en wat—

*(a)* 'n werksaamheid verrig wat by of kragtens enige wet aan 'n onderhoudsbeampte toevertrou is; of

*(b)* voorgee om te wees of gebruik maak van enige naam, titel of byvoeging of beskrywing wat die indruk skep dat hy of sy 'n onderhoudsbeampte is of deur die wet as sodanig erken word,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.".

**Substitution of section 41 of Act 99 of 1998**

**18.** The following section is hereby substituted for section 41 of the principal Act:

"**Conversion of criminal proceedings into maintenance enquiry**

**41.** If during the course of any proceedings in a magistrate's court in respect of—
*(a)* an offence referred to in section 31(1); or
*(b)* the enforcement of any sentence suspended on condition that the convicted person make periodical payments of sums of money towards the maintenance of any other person,

it appears **[to the court]** on good cause shown that it is desirable that a maintenance enquiry be held, **[or when the public prosecutor so requests, the court shall]** the court may, of its own accord or at the request of the public prosecutor, convert the proceedings into such enquiry.".

**Short title and commencement**

**19.** This Act is called the Maintenance Amendment Act, 2015, and sections 2, 11 and 13*(b)* come into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Vervanging van artikel 41 van Wet 99 van 1998**

**18.** Artikel 41 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Omskepping van strafregtelike verrigtinge in onderhoudsondersoek**

**41.** Indien in die loop van enige verrigtinge in 'n landdroshof ten opsigte van—

*(a)* 'n misdryf in artikel 31(1) bedoel; of
*(b)* die tenuitvoerlegging van 'n vonnis wat opgeskort is op voorwaarde dat die veroordeelde periodieke betalings van bedrae geld doen tot onderhoud van 'n ander persoon,

**[die hof van mening is]** dit by die aanvoer van voldoende rede blyk dat dit wenslik is dat 'n onderhoudsondersoek gehou moet word **[of wanneer die staatsaanklaer dit versoek, moet]**, kan die hof, uit eie beweging of op versoek van die staatsaanklaer, die verrigtinge in sodanige ondersoek omskep.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**19.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Onderhoud, 2014, en artikels 2, 11 en 13*(b)* tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.